

Maandag 21 Maart

Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26

Fokusgedeelte: Jakobus 2:14, 26

Geloof is 'n twee-eenheid: geloof plus werke

In 2 Korintiërs 13:5 kry ons die opdrag: *Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe*. Ons moet dus seker maak of ons gelowig lewe. In sy brief beskryf Jakobus daaglikse situasies waaraan ons onself moet toets. Het my geloof 'n effek? In watter mate bepaal my geloof my reaksie in verskillende omstandighede?

In hierdie gedeelte beskryf Jakobus hoe dooie en lewende geloof lyk. In verse 14-20 gee hy drie karaktertrekke van 'n dooie geloof:

- 'n Leë belydenis (vs 14) – Om te sê jy glo, dit elke Sondag in die erediens te bely, is reg en word nie bevraagteken nie. Bepaal hierdie geloof wat ek elke Sondag bely my reaksie op die omstandighede in my lewe?
- Vals medelye (vs 15-17) – Jakobus gee 'n voorbeeld van die waardeloosheid van 'n werklose geloof. Hoe weet ons ons het saligmakende geloof? Kyk na jou liefdesbetoning teenoor jou naaste.
- Oppervlakkige oortuiging (vs 18-20). Die regte leer is belangrik, maar dit moet gehoorsaam word, anders is dit dieselfde as die duiwels. Geloof werk. Dit verander die lewe.

Jakobus beskryf dan in verse 21-26 wat 'n lewende geloof is. Uit die praktiese lewe van Abraham en Ragab wys hy dan dat geloof noodwendig daad insluit. Hy stel nie geloof teenoor daad nie. Hy toon juis aan dat geloof uit twee dinge bestaan:

- Geloof – as innerlike reaksie op God se verlossing in Christus.
- Werke – as uiterlike reaksie op God se verlossing in Christus.

Geloof is nie blote woorde nie. Dit is daad-werklike geloof ... geloof wat werk ... geloof wat doen. Hierdie feit blyk duidelik uit Abraham en Ragab se lewens.

Calvyn het gesê: *Geloof alleen maak regverdig, maar die geloof wat regverdig maak, is nooit alleen nie*. Is my geloof dood of lewend?

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)